

Sing vooraf staande: Psalm 46:1, 4 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
- 4 Gewis die Here Sebaot / sal sy gedugte mag laat blyk;
in nag en storm sal Jakobs God / ons rotsburg wees wat nooit beswyk.
kom nader en bemerk, / aanskou die Heer se werk;
hoe Hy die wêreld rig; / hoe alles voor Hom swig / en in ontsetting weg moet wyk!

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 95:1, 2 (p. 477)

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriendlike aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde in ons gewek het.
- 2 Bo al die gode en godeprag / troon God as Koning; sy gesag
is groot en ken geen grense of lyne. / Die aard' se diepste binnekant
is in die holte van sy hand; / die hoë berg daarbo is syne.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 94:9, 10 (p. 474)

- 9 Wie sal my bystaan as die bese / my aanval? En die goddelose
van alle kante my verras? / As nie die HEER my bystand was,
dan was my lewe gou verkort, / en ek diep in die graf gestort.
- 10 As ek moet roep in donker stonde: / "My voet gly uit, ek gaan te gronde!"
dan ondersteun u goedheid my. / In my gepeins is U naby;
as duisend sorge my verskrik, / het u vertroosting my verkwik.

Gebed

Psalm 119:19, 39 (p. 591)

- 19 HEER, U is my deel op aarde, / en u woord is my die skat
wat U aan my toebetrou het / op die lange pelgrimspad.
'k Het voor U my hart geheelik / in my smeking uitgestort.
Maak my dan u guns deelagtig, / laat u woorde waarheid word.
- 39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Skriflesing: Lukas 16:14-31

Kernverse: Lukas 16:29-31

Maar Abraham sê: 'Hulle het die woorde van Moses en die profete. Laat hulle daarna luister.' Hy antwoord egter: 'Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dood na hulle toe gaan, sal hulle hulle bekeer.' Maar hy sê vir hom: 'As hulle na

Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan.”

(Lukas 16:29-31 AFR83)

Tema: In hierdie lewe is die Woord van God genoeg vir ons hele lewe

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons wat vandag lewe het inderdaad 'n baie groot voorreg. Ons kan die Bybel, die Woord van God, in ons eie taal lees sodat ons kan hoor wat die Here van ons verwag in hierdie lewe. Sonder om 'n oordeel uit te spreek oor vertalings wil ek tog sê dat ons Afrikaanssprekendes dubbel bevoorreg is om reeds twee vertalings van die Bybel in Afrikaans te hê en daar is 'n derde vertaling op pad.

Hierdie voorreg om die Bybel in ons moedertaal te hê is deel van die vrug van die Hervorming wat ons vandag op die laaste Sondag van Oktober in herinnering roep. Voor die Hervorming was die enigste “regte” vertaling volgens die Roomse Kerk net die Latynse vertaling van die Bybel. Dit het nie saak gemaak wat jou moedertaal destyds was nie, die Bybel was net in Latyn beskikbaar. En aangesien die meeste mense gedurende die 15de en 16de eeu nie meer Latyn gepraat en verstaan het nie, was hulle van die priesters afhanklik om te weet wat die Here vir hulle in sy Woord sê. Sodoende het dit dan gebeur dat daar baie onsinnige dwaalleer aan die gelowiges verkondig is, soos dat 'n mens byvoorbeeld met die betaling van 'n bedrag geld aan die Roomse Kerk kan verseker dat jou sondes vergewe is en jy die ewige lewe sal kan beërwe.

Deur die genade van ons goeie God en as gevolg van die kragtige werk van die Heilige Gees is daar gelowiges al vanaf die 15de eeu toegerus om raak te sien dat alles wat die Roomse Kerk opgedis het nie die waarheid is nie. Lank voor Martin Luther het die Here mense met sy Gees al gelei om die Bybel dan in die moedertaal van die gewone mense te vertaal en dit ook eenvoudig aan hulle te preek. Dit is egter eers na 31 Oktober 1517 dat daar op groot skaal begin is om die Bybel in die verskillende tale te vertaal sodat elke gelowige in sy moedertaal die stem van die Here kon hoor, ook ons wat vandag Afrikaans praat.

Dit bring ons nou by die volgende vrae, broers, susters en kinders: Hoe kosbaar is dit vir jou om die Woord van die almagtige God in jou moedertaal te hê? Is dit vir jou so kosbaar dat jy nie anders kan nie as om elke dag te luister wat die Here persoonlik vir jou sê? Is die Bybel so kosbaar vir jou dat jy jou hele lewe meet en pas om in ooreenstemming met God se Woord te wees? Is die Bybel so belangrik vir jou dat jy hoe langer hoe meer jou daarop toespits om net te doen wat die Here daarin sê? Of het die Bybel vir jou ook al iets geword wat dit vir die ryk man was in hierdie gelykenis wat ons gelees het?

Wanneer Jesus hierdie gelykenis vertel, spreek Hy nie 'n oordeel oor die rykdom en die armoede van die twee karakters in die gelykenis uit nie. Hy vertel bloot die feite en omstandighede van die twee. Die feit dat daar in die verhaal 'n omkering van die ryk man en Lasarus se omstandighede plaasvind, wil ook nie 'n oordeel oor rykdom en armoede gee nie.

Rykdom op sigself is nie sonde nie en armoede op sigself is ook nie noodwendig 'n goeie eienskap nie. Trouens, rykdom is ook 'n seën van die Here af. Deur die Here se genade is daar verskeie mense in die Bybel wat ryk was – Abraham en Job byvoorbeeld. En ons weet dat hulle gelowige kinders van God was. Verder weet ons ook van waarskuwings wat die Here uitspreek dat 'n mens nie deur jou eie dwaasheid arm moet word en sodoende 'n bedelaar nie. Hierdie armoede is dan die gevolg van sonde en ongehoorsaamheid en moenie as 'n goeie eienskap gesien word nie.

In die beskrywing wat Jesus gee, wil Hy eerder 'n uitspraak gee oor wat God in die hart van die ryk man en van Lasarus raaksien. Vir die mense, en veral vir die Fariseërs, het die ryk man inderdaad soos 'n kind van Abraham gelyk en verder het dit ook vir hulle gelyk asof sy saak met God reg is. Dit

gaan dan goed met hom en hy lewe goed. Selfs by sy dood het die mense vir die ryk man 'n behoorlike begrafnis gegee met baie lofredes oor hoe 'n goeie man hy sou wees.

Vir die mense wat gedurig by die ryk man gekom het, sou Lasarus inderdaad soos iemand gelyk het wat deur God verlaat is. Hy beleef dan net ellende en armoede. Dit gaan so sleg met hom dat dit net die rondloperhonde is wat iets aan hom doen deur die swere op sy lyf te kom lek. En die dag toe Lasarus sterf, het sy ellende op aarde nie vir hom opgehou nie. Lasarus het nie familie nie. Niemand sien na hom om nie. Hy was 'n "nobody", 'n onbeduidende outjie, niemand slaan ag op hom nie, daarom het hy ook nie 'n behoorlike begrafnis ontvang nie. Hy het gesterf en die honde het waarskynlik sy liggaam kom wegsleep van die ryk man se huis af. Die volgende dag het die mense maar net gesien dat die ou bedelaar nie meer daar was nie.

Geliefdes, as ons Here Jesus nou verder vertel van wat gebeur na die dood van die ryk man en Lasarus, wil Hy ook nie vir ons sê dat dit werklik so lyk nie. Dat die mense in die hel en diegene in die hemel mekaar na die dood kan sien en met mekaar kan praat, was maar die gedagtes van die rabbi's van daardie tyd. Jesus sluit by daardie gedagtes aan om sy onderrig in die laaste verse tuis te bring. In hierdie gelykenis gaan dit nie daaroor dat die een ryk en ander arm was nie. Dit gaan eerder daaroor wat elkeen van die twee met die Woord van die Here gemaak het.

Nie een keer in hierdie gelykenis sê Jesus dat die ryk man gruwelike dinge gedoen het nie. Hy vertel nie vir ons dat die ryk man vir Lasarus sou vloek en skel nie. Jesus sê ook nie dat die ryk man nooit uit die Bybel gelees of daarna geluister het nie. Jesus vertel ook nie dat Lasarus een of ander besondere goeie daad gedoen het nie. Ons hoor ook nie dat Lasarus hardop gebid en die mense wat daar verbygehoop het van die Here sou vertel het nie. Jesus sê ook nie dat Lasarus dag en nag Bybel sou gelees het nie.

Maar wat ons Here Jesus wel doen, is om so in die gang van die gelykenis 'n wenk oor elkeen te laat val. Die ou bedelaar se naam was Lasarus. Die naam *Lasarus* beteken: *God help*. Met hierdie naam sê Jesus geweldig baie van die bedelaar. Lasarus het die Here sy God aangehang en op die Here gewag, want sy naam sê vir hom God help. Met hierdie naam gee die Here Jesus ook vir ons 'n vinnige blik op die raaisel van die lewe: 'n mens vertrou op God, want Hy help mos, maar die aanhoudende swaarkry en ellende spot met hierdie vertroue.

Uiterlik was daar maar min tekens om te sê dat God regtig vir Lasarus gehelp het. Die enigste bietjie hulp waarvan ons uit hierdie vertelling weet is die af en toe se krummeltjies wat Lasarus van die ryk man se tafel af gekry het. Dit is nie krummels wat eers mooi bymekaar van die tafel afgevee is en toe vir Lasarus gegee is nie. Dit is krummels wat van die tafel op die vloer geval en uitgevee is. 'n Mens sal jou wil afvra, maar watter soort hulp is dit dan? Tog het Lasarus sy vertroue op die Here nie laat vaar nie. Hy het vasgehou aan die belofte in sy naam: God help. So het Lasarus immers die Here ook uit sy Woord leer ken en daaraan vasgehou.

Die ryk man se naam noem Jesus nie eers nie. Maar dat hy van die Here se Woord sou geweet het, is nie te betwyfel nie. Die Fariseërs wat die Woord van God so goed geken het, sou in en uit by die ryk man se deur gewees het. Hoe weet ons dit? Net in die vorige paragraaf skryf Lukas dat die Fariseërs baie lief vir geld was. Daarom sou hulle die ryk man se drumpel deurgetrap het. Uiterlik lyk die ryk man mos soos iemand wat deur die Here geseën word.

Die ryk man het nie nodig gehad om ver na armoede en ellende te gaan soek nie. Hy het elke dag so te sê oor Lasarus by sy deur gestruikel. Om die waarheid te sê, die Here het die nood van Lasarus onder die ryk man se neus ingedruk. Maar wat hoor ons van die ryk man. Hy het elke dag feestelik en weelderig geleef terwyl Lasarus af en toe krummels gekry het wat by die deur uitgevee is. Dit is nie dat die ryk man nie sou geweet het wat hy omtrent Lasarus moet doen nie. In Eksodus, Levitikus,

Numeri en Deuteronomium maak die Here dit oorgenoeg duidelik wat 'n mens moet doen wanneer jy iemand sien sonder kos en in ellende. En daarby was die Fariseërs mos gedurig in sy huis.

En nou, geliefdes, alhoewel die ryk man van die Woord van die Here geweet het, het hy hom nie daaraan gesteur nie. Uiterlik het dit gelyk asof hy 'n verhouding met God het, maar inderwaarheid het hy glad nie 'n verhouding met God gehad nie. Daarom het hy na sy dood in die plek van pyniging beland. Lasarus, aan die ander kant, het 'n innige en persoonlike verhouding met God gehad, al het dit uiterlik aan sy liggaam en lewe nie so gelyk nie. Daarom het hy 'n ereplek langs Abraham in die hemel gekry. Hy het in die Here van die Bybel geglo en op sy God bly vertrou.

Nou wou die ryk man hê dat Lasarus moes gaan om sy vyf broers te gaan waarsku sodat hulle na die Here se Woord sal luister. Maar dit is nie nodig nie, sê Abraham. Hulle het die woord van God, **hulle het die woorde van Moses en die profete** (Lukas 16:29 AFR83). Jesus vertel dat die ryk man nie met hierdie antwoord tevrede is nie. Volgens hom sal sy broers eers luister en hulle bekeer as iemand uit die dood na hulle toe gaan. Dan kom die harde woord vir die ongehoorsame sondaar:

As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan. (Lukas 16:31 AFR83)

Niemand wat uit die dood opgestaan het, het mense al oortuig om in die Here te glo en Hom te gehoorsaam nie, geliefdes. Toe die Here Jesus vir Lasarus, die broer van Martha en Maria, uit die dood opgewek het, het die Fariseërs en skrifgeleerdes eerder planne beraam hoe hulle van Jesus ontslae kan raak. Lasarus wat weer lewendig geword het, het hulle nie oortuig dat Jesus werklik die Seun van God en die Verlosser van die wêreld is nie.

En die tragedie is dat selfs nie eers Jesus se eie opstanding uit die dood en oorwinning van die dood en die Satan hulle oortuig het nie. Toe die soldate, wat Jesus se graf bewaak het, vir die priesterhoofde vertel het van Jesus se opstanding uit die dood, het hulle die soldate omgekoop om 'n leuen te vertel. Die soldate moes vertel dat die dissipels Jesus se liggaam uit die graf gesteel het. Ja, die grootste oorwinning van Jesus se opstanding uit die dood het nie die mense van daardie tyd wat dit gesien het oortuig om in God te glo en Hom te gehoorsaam nie.

Broers, susters en kinders, met hierdie woorde in ons gelykenis asook met die voorbeelde van Lasarus en Jesus se eie opstanding uit die dood, bring Jesus ons daartoe om opnuut te besef dat ons niks anders as die Woord van God nodig het om salig te word nie. Om God te leer ken as die regverdige en genadige, barmhartige God, moet ons maar net luister hoe Hy Homself aan ons bekend maak in sy Woord. Om te weet hoe ons van ons sondes verlos kan word en 'n ewige, onveranderlike en persoonlike verhouding met God kan hê, moet ons maar net luister wat die Here van Jesus Christus en sy werk aan ons bekend maak. As ons wil weet hoe ons hier op aarde aan die Here getrou kan bly, moet ons maar net luister wat die Here van die Heilige Gees in sy Woord aan ons leer.

Wanneer die Here sy Woord aan ons gee, geliefdes, gee Hy aan ons alles wat ons nodig het. Ons het niks meer nodig nie. Daarom kan ons Gereformeerdes al van die 16de eeu af bely: **Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word.** En aangesien die Here ook sy Heilige Gees aan ons gegee het, kan ons die Woord verstaan wanneer ons dit lees. Ons is nie meer van geleerdes en priesters afhanklik om die Here se stem te hoor en te verstaan nie.

Nou moet ons dit ook weet: Omdat ons die Woord van die Here het en die Heilige Gees in ons woon en werk, rus daar ook 'n verpligting op ons. Die Bybel moenie net vir ons kosbaar wees om daaruit te lees nie. Die kosbaarheid van die Bybel sal in my en jou lewe duidelik word wanneer ons onself

daarop toelê om ook die Here hoe langer hoe meer te gehoorsaam. Dit beteken dat ek en jy nie net sal luister hoe ons van ons sondes verlos is deur Jesus nie, maar ook hoe ek en jy as verlose kinders van God sal lewe. Daarom moet ons die Here ook gehoorsaam in elke oomblik van ons hele lewe, ook wanneer ons soos die ryk man oor die ellendiges en armes van hierdie lewe struikel.

Die Here se Woord is immers genoeg vir ons hele lewe elke dag waar ons ook al besig is, en die Here se Woord het gesag oor ons hele lewe. Daarom bely ons ook al van die 16de eeu af: ***Ons aanvaar al die boeke in die Bybel, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is.***

Geliefdes, mag ons dankbaarheid vir die Here se Woord in ons eie taal in my en in jou lewe daarin sigbaar word deurdat ek en jy regtig ons lewe sal inrig volgens die Woord van die Here, sodat ons nie net sê dat ons verlos is nie maar ook elke oomblik lewe as verlose kinders van God.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 15-7:4, 5 (43:4, 5)

- 4 Omdat jy die Woord bewaar het / van my lyde^{en} lydsaamheid,
is Ek jou ook 'n Bewaarder / in die uur van sware stryd
as die tye van besoeking / (elke mond sal dan verstom!)
oor die aarde^{en} sy bewoners / in die felste smarte kom.
- 5 Ek kom gou! Hou dan bestendig / wat my mond aan jou beloof.
Wees net waaksaam, en laat niemand / jou die eerkroon ooit ontroof.
Wie oorwin, hom sal 'k bevestig: / as 'n suil sal hy verrys,
om daar nooit weer uit te gaan nie, / in my God se pragpaleis.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 Oktober 2012